



Government Gazette Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID AFRIKA

Vol. 734

7

August
Augustus 2026

No. 55152

PART 1 OF 2

N.B. The Government Printing Works will not be held responsible for the quality of "Hard Copies" or "Electronic Files" submitted for publication purposes

ISSN 1682-5845



9 771682 584003



AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

SOUTH AFRICAN REVENUE SERVICE**NO. 7790****7 August 2026****REQUIREMENTS FOR PROCESSING AN APPLICATION FOR A DTA ADVANCE PRICING AGREEMENT IN TERMS OF SECTION 76J(1) OF THE INCOME TAX ACT, 1962 (ACT NO. 58 OF 1962)**

In terms of section 76J(1) of the Income Tax Act, 1962, I, Ngobani Johnstone Makhubu, Commissioner for the South African Revenue Service, hereby prescribe in the attached Schedule, the requirements for processing an application for a DTA advance pricing agreement.

**N J MAKHUBU****COMMISSIONER FOR THE SOUTH AFRICAN REVENUE SERVICE**

Schedule

1. General

Any term or expression in this notice to which a meaning has been assigned in a “tax Act”, as defined in section 1 of the Tax Administration Act, 2011 (Act No. 28 of 2011), has the meaning so assigned, unless the context indicates otherwise.

2. Requirements for processing an application for a DTA advance pricing agreement

The requirements for processing a DTA advance pricing agreement are as follows:

2.1. Development of a DTA advance pricing agreement project plan

2.1.1. Once the application for a DTA advance pricing agreement has been accepted, SARS must consult the applicant and the competent authority of the other country to agree on a project plan to process the application.

2.1.2. The project plan should include the stages of processing the application for a DTA advance pricing agreement, the key milestones to be achieved during each stage and the expected duration of each stage.

2.2. Information gathering

Upon conclusion of the project plan, SARS must take such steps as necessary, to form a position for discussions with the competent authority of the other country, which may include:

- 2.2.1. requesting further information deemed relevant to review and evaluate the application for a DTA advance pricing agreement, including information relating to the multinational enterprise as a whole;
- 2.2.2. conducting functional analysis interviews with relevant persons;
- 2.2.3. engaging any industry experts; and
- 2.2.4. conducting benchmarking studies, data and information gathering and analysis of comparable entities.

2.3. Coordination of the information gathering process

2.3.1. During the information gathering phase, SARS will coordinate the gathering of information with the competent authority of the other country, based on the facts and circumstances of each case.

2.3.2. Where practical, functional analysis interviews, site visits and information gathering will be coordinated and conducted jointly.

2.3.3. Where any information gathering is not conducted jointly, this information must be shared with the relevant competent authority.

2.4. The provision of taxpayer information to competent authorities

2.4.1. The applicant must provide any requested information to both competent authorities simultaneously even if the information was only requested by one specific competent authority.

2.4.2. Information must be provided on a date agreed between the parties.

2.5. Position paper and competent authority negotiations

2.5.1. Once all relevant information is received and considered, SARS must compile a position paper to be shared with the competent authority of the other country.

2.5.2. The position paper will contain information that is considered necessary to facilitate further discussions with the competent authority of the other country.

2.5.3. The applicant will not have a direct role during the preparation of position papers or in the subsequent negotiations between the competent authorities.

3. Commencement

This Notice will apply to all applications for a DTA advance pricing agreement received on or after the date of publication of this Notice in the Government *Gazette*.

SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

NO. 7790

7 Augustus 2026

**VEREISTES VIR VERWERKING VAN 'N AANSOEK OM 'N DBO VOORAFPRYSOORENKOMS
INGEVOLGE ARTIKEL 76J(1) VAN DIE INKOMSTEBELASTINGWET, 1962 (WET NO. 58 VAN
1962)**

Ingevolge artikel 76J(1) van die Inkomstebelastingwet, 1962, bepaal ek, Ngobani Johnstone Makhubu, Kommissaris vir die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, hiermee in die aangehegte Bylaag, die vereistes vir verwerking van 'n aansoek om 'n DBO voorafprysoreenkoms.

N J MAKHUBU**KOMMISSARIS VIR DIE SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS**

Bylaag

1. Algemeen

Enige woord of uitdrukking in hierdie kennisgewing vervat waaraan 'n betekenis geheg is in 'n "Belastingwet" soos in artikel 1 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011 (Wet No. 28 van 2011) omskryf, dra die betekenis aldus daaraan geheg, tensy die samehang andersins aandui.

2. Vereistes vir verwerking van 'n aansoek om 'n DBO voorafprysooreenkoms

Die vereistes vir verwerking van 'n DBO voorafprysooreenkoms is as volg:

2.1. Ontwikkeling van 'n DBO voorafprysooreenkomsprojekplan

2.1.1. Sodra die aansoek om 'n DBO voorafprysooreenkoms aanvaar is, moet SAID met die aansoeker en die bevoegde gesag van die ander land konsulteer ten einde ooreen te kom op 'n projekplan vir die verwerking van die aansoek.

2.1.2. Die projekplan moet die stadiums vir die verwerking van die aansoek om 'n DBO voorafprysooreenkoms, die sleutelmylpale wat bereik moet word gedurende elke stadium en die verwagte tydperk van elke stadium, insluit.

2.2. Versameling van inligting

By afhandeling van die projekplan, moet SAID sulke stappe neem soos nodig om 'n posisie in te neem vir samesprekings met die bevoegde gesag van die ander land, wat kan insluit:

2.2.1. die versoek om verdere inligting geag toepaslik te wees ten einde die aansoek om 'n DBO voorafprysooreenkoms te hersien en evalueer, ingesluit inligting wat met die multinasionale besigheid as 'n geheel verband hou;

2.2.2. die uitvoer van funksionele analiseringsonderhoude met tersaaklike persone;

2.2.3. betrekking van enige industrie spesialiste; en

2.2.4. doen van maatstafstudies, data- en inligtingversameling en analisering van vergelykbare entiteite.

2.3. Koördinerings van die inligtingversamelingsproses

- 2.3.1. Gedurende die inligtingversamelingsfase sal die SAID die insameling van inligting met die bevoegde gesag van die ander land koördineer, gebasseer op die feite en omstandighede van elke geval.
- 2.3.2. Waar prakties, sal funksionele analiseringsonderhoude, terreinbesoeke en versameling van inligting gekoördineer word en gesamentlik uitgevoer word.
- 2.3.3. Waar enige versameling van inligting nie gesamentlik uitgevoer word nie, moet hierdie inligting aan die bevoegde gesag beskikbaar gestel word.

2.4. Die verskaf van belastingpligtige inligting aan bevoegde gesagte

- 2.4.1. Die aansoeker moet enige aangevraagde inligting aan beide bevoegde gesagte gelyktydig verskaf selfs al was die inligting slegs deur een bevoegde gesag aangevra.
- 2.4.2. Die inligting moet verskaf word op 'n datum tussen die partye ooreengekom.

2.5. Posisieverslag en bevoegde gesag onderhandelinge

- 2.5.1. Sodra alle tersaaklike inligting ontvang en oorweeg is, moet SAID 'n posisieverslag saamstel wat met die bevoegde gesag van die ander land gedeel sal word.
- 2.5.2. Die posisieverslag sal inligting bevat wat geag word nodig is om verdere samesprekings met die bevoegde gesag van die ander land te fasiliteer.
- 2.5.3. Die aansoeker sal nie 'n direkte rol speel gedurende die voorbereiding van die posisieverslag of in die daaropvolgende onderhandelinge tussen die bevoegde gesagte nie.

3. Inwerkingtreding

Hierdie Kennisgewing sal op alle aansoeke om 'n DBO voorafprysooreenkoms ontvang op of na die datum van publikasie van hierdie Kennisgewing in die *Staatskoerant*, van toepassing wees.